

Kalahari Reds produseer vleis in snelrat (en vertoon boonop baie mooi)

Net die beste gehalte Kalahari Reds kom op **13 Oktober om 11:00** by Pretoria se skouterrein onder hamer wanneer **Tollie Jordaan** en **Francois Loots** 100 elite Kalahari Red-ooie en 20 ramme aanbied.

Hierdie veiling is telers se kans om net die beste bokke in die hande te kry, aangesien Tollie van sy beste genetiese aanbod om sy vertroue in die toekoms van die Kalahari Red te wys en iets terug te ploeg in die ras waaruit hy self soveel plesier put.

Tollie se stoet het in 1994 as 'n stokperdjie begin. "Dit was vir my ongelooflik lekker om die bokke waarmee ek begin het te probeer verbeter en meer

produktief te maak," vertel hy.

Sy sukses blyk uit die uitstekende vrugbaarheid en moederseienskappe waarmee die stoet vandag kan spog: Verlede jaar het hy 125 ooie laat lam en 236 bokkies gespeen. 25 ooie het hulle eie drielinglamers grootgemaak. Dis mos die soort diere waarmee 'n boer kan geld maak!

Goeie nuus vir kopers is dat baie van hierdie moeders by die veiling te koop is.

Maar daar is nog goeie nuus: Die ooie is geïnsemineer met saad van Tollie se beste stoetramme, naamlik **Junior**, wat in 2006 grootkampioen was;

Reserwe, wat in 2006 reserwegrootkampioen was; en **Langman**, 'n skitterende ram met 'n besonder goeie lang lyf.

Hierdie ramme word ook op die veiling aangebied.

Buiten verstommende produksie het Kalahari Reds vir Tollie belangrike newe-voordele. Hy vertel: "Op my grond langs die teerpad het ek ongelooflik baie skade met diefstal gehad. Hulle het tot 16 boerbokke op 'n slag-gesteel.

"Kalahari Reds is vanweë hulle kleur moeilik sigbaar van die pad af teenoor wit boerbokke. In die nag is hulle byna onsigbaar en die diefstal het dramaties afgeneem.

"As wildboer maak die bruin kleur van die Kalahari Reds ook vir my sin. Hulle smelt in saam met ons wild en is nie 'n oogseer vir ons oorsese kliënte nie.

"Ons almal hou mos van 'n mooi, rooi, blink korthaar-bees soos die Bonsmara, Beefmaster, Rooi Brahman, Angus of Sussex. Dink net hoe mooi is so 'n trop blink-rooi bokke."

Vir meer inligting oor die veiling, skakel **Tollie Jordaan** by **042-243-2157**, **Francois Loots** by **082-373-3644** of **Chris Troskie** van CMW by **082-555-1199**.

Besoek ons webtuiste by www.boergoat-sa.com



Francois Loots met 2007 se seniorkampioenooi en Tollie Jordaan met die grootkampioenooi.



Tollie Jordaan met 2007 se senior- en grootkampioenram.

Tollie Jordaan Francois Loots

Elite Kalahari Red Produksieveiling

Saterdag 13 Oktober 2007 om 11:00 • Pretoria-skouterrein

Teler van
Kampioene
2005, 2006
2007

100 Top geregistreerde ooie
20 Elite ramme

2006 Wêreldkampioen en Reserwe Kampioen ramme word aangebied

Tollie Jordaan 042 243 2157
www.boergoat-sa.com
tollie@sat.co.za
Francois Loots 082 373 3644
francois@treoc.com
Jan Erasmus 082 924 6096
TT Paulsen 082 498 9866




